**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Handelinge 11:19-30 (2020 vert.)

**Fokusvers:**

Handelinge 11:21 en 23

**Tema:**

’n Plaaslike gemeente onder die hand en deur die genade van die Here

Datum:

02 Augustus 2026

(GK Vredenburg/ Saldanha - Herdenking van ons 50ste bestaansjaar)

## 1. <u>Inleiding</u>

Geliefde broers en susters,

Om ons te leer oor die <u>koninkryk van God</u>, vertel die Here Jesus vir ons 'n gelykenis:

"*Hoe is die koninkryk van God? Waarmee kan Ek dit vergelyk? Dit is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy tuin geplant het. Dit het gegroei en 'n boom geword, en die voëls het in sy takke kom nes maak.*" (Luk. 13:18-19)

Die Here se kort gelykenis is baie gepas vir die ontstaan en groei van ons gemeente in die Weskus. Aan die begin was dit maar 'n handjievol gelowiges wat in 'n huis bymekaargekom het om eredienste te hou. Maar vandag is dit 'n gemeente van byna 200 lidmate. 'n Gemeente met sy eie kerkgebou en terrein, met 'n voltydse predikant, met Bybelstudie en feeste en selfs groot planne vir die toekoms.

As gelowiges wat deel is van hierdie kerk, staan ons eintlik verstom oor die werking van die Here!

Maar het u al gaan sit en dink wat alles bygedra het om ons tot op hierdie punt te bring? Wat het daartoe gelei dat daar 'n plaaslike Gereformeerde Kerk in die Weskus is? Wie was die mense wat dit moontlik gemaak het dat hierdie saadjie kon ontwikkel van 'n struik tot 'n boom wat al vyftig jaar lank staan, en steeds groei?

Om hierdie vrae te beantwoord met betrekking tot óns gemeente, moet ons dalk eerder in die algemeen vra: 'Hoe gebeur dit dat <u>*enige*</u> gemeente ontstaan en groei?'

Die perfekte voorbeeld om hierdie vraag te beantwoord, kry ons in Handelinge 11 met die ontstaan van die gemeente in Antiogië. In die teks vind ons <u>***drie punte***</u>. Om dit eenvoudig te hou, kan ons op die gelykenis van die mosterdsaadjie voortbou.

Ons kyk vandag dus: 1. Na die saad wat **gesaai** word, 2. Die saailing wat **groei** 3. Die struik wat **blom en vrugte dra**.

## 2. <u>Liggaam</u>

### 2.1. Die saad wat gesaai word:

Die eerste stadium van ŉ gemeente is waar die ***saad gesaai word*.**

In Handelinge 11:19-20 lees ons dat die gelowiges uit Jerusalem en Judea verstrooi was as gevolg van die vervolging van Stefanus (Hand. 7, 8:1-4). Sover soos die gelowiges getrek het, het hulle egter die evangelie verkondig. Soos ŉ saaier wat saad saai (Mat. 13:1-9)...

Aanvanklik het hulle die evangelie slegs aan die Jode verkondig. Dit het heeltemal verander toe sommige gelowiges in Antiogië aangekom het. Antiogië was die stad met die derde grootste bevolking in die bekende wêreld. Die mense van die stad het veral daarop geroem dat hulle Grieke/ Helleniste was. Die woord *Helleniste* verwys na iemand wat die Griekse wêreldbeskouing aangeneem het.

Die evangelie is nie beperk tot een taal, kultuur of volk nie. Die Heilige Gees het gelowiges bekragtig en gedring om wêreldwyd aan almal te verkondig (Hand. 1:8). Daarom het sommige van die gelowiges, toe hulle in die stad aangekom het, die evangelie van die Here Jesus ook aan die Helleniste verkondig.

Hier lees ons van die heel eerste oomblikke van ŉ gemeente se ontstaan...

Dit gebeur wanneer mense, gedryf deur die Heilige Gees, getrou die evangelie van die Here Jesus verkondig. Dit is wanneer gelowiges gehoorsaam is aan die opdrag van Christus om uit te gaan en dissipels te maak oral waar hulle kom (Mat. 28:19)! En onder die seënende hand van die Here, sien ons ook hoe die saadjie ontkiem en begin groei. Vers 21 sê dat: "*ŉ groot aantal mense gelowig geword het en na die Here gedraai het.*"

Geliefdes, hierdie patroon vind ons op elke plek waar ŉ gemeente ontstaan.

Later in Handelinge sê Paulus, dat God vir alle mense (Hand. 17:26-27): "*Vasgestelde tye gee en die grense van hulle woongebied bepaal, sodat hulle God kon soek, en miskien na Hom sou uitreik en Hom sou vind...*"

God is in beheer van almal se kom en gaan. Hy bepaal hulle woongebiede en stuur gelowiges die wêreld in. Hetsy dit vir werk, navorsing, vakansie of aftrede is. En daar waar gelowiges saamkom en na die Here draai, ontkiem die saad en 'n gemeente word gebore.

Op 'n soortgelyke wyse was dit ook die begin van ons gemeente. Die ontstaan van die gemeente is te danke aan Gereformeerde gelowiges wat hierheen gestuur was vir verskeie redes, verenig in hulle godsdiens en aanbidding. Die saad is gesaai, dit het in die grond geval en 'n gemeenskap van gelowiges het ontkiem.

Dit bring ons na die tweede stadium, naamlik *die saailing wat groei.*

**2.2. Die saailing wat groei:**

Onder die seënende hand van die Here ontstaan daar 'n gemeenskap van gelowiges in Antiogië. Nie lank daarna nie bereik die nuus die gemeente in Jerusalem. Die liggaam van Christus is immers 'n eenheid - geen gemeente staan heeltemal op sy eie nie. Daarom stuur die gemeente in Jerusalem vir Barnabas om na Antiogië te gaan.

Ons weet nie wat Barnabas se opdrag was nie of wat presies hy in Antiogië moes gaan doen het nie. Maar vanuit sy karakter en optrede kan ons 'n paar afleidings maak:

i. Ons weet dat Barnabas 'n Leviet afkomstig uit Ciprus was. Met ander woorde, hy het die Hellenistiese kultuur geken en was ook goed bekend met die Ou Testament en die evangelie van Christus.

ii. Ons weet ook dat sy naam eintlik Josef is. Die apostels het hom egter die bynaam '*Barnabas*' gegee het, omdat hy 'n gawe gehad het om mense te troos, bemoedig en vermaan (Hand. 4:36-37).
iii. In Handelinge 9 lees ons dat Barnabas 'n goeie getuienis voor die apostels, oor Paulus gelewer het (Hand. 9:27). Ons lees verder in 11:24 dat hy 'n goeie man was, vol van die Heilige Gees en geloof. Die apostels het hom geken en vertrou, daarom maak dit sin dat hulle juis hóm gestuur het.

Barnabas word dus na Antiogië gestuur om te verseker dat die gelowiges volhard. Hy moet ook verder die evangelie gaan bedien en die gemeente versorg en gelowiges bemoedig. Op die ou einde moes hy ook 'n verslag gelewer het oor die werking van die Gees onder die Helleniste (11:30).

Toe hy daar aangekom het, was hy bly om te sien dat die saad van evangelie begin groei het en 'n saailing opgespruit het. Barnabas, getrou aan sy bynaam, het die gelowiges aangemoedig om aan die Here getrou te bly. Mettertyd het die gemeente meer en meer gegroei en 'n aansienlike skare is vir die Here bygevoeg (11:24).

Barnabas het geweet dat 'n nuwe saailing baie water, voeding en versorging nodig het. Daarom het hy vir Paulus gaan haal om te help. Paulus was 'n geleerde man, goed onderlê in die Skrif en self ook 'n Griek. Vir 'n jaar lank het Barnabas en Paulus die gemeente onderrig en bedien.

Geliefdes, die patroon in Handelinge 11 is ook sigbaar in ons gemeente. Oor die jare is goeie mense, vol van die Heilige Gees en geloof, na die Weskus gestuur om die gemeente te bedien. En met deurlopende sorg, water en voeding het die saailing ontwikkel en verder gegroei.

Oor die jare is daar ŉ lang lys van name wat ons kan noem. Mense wat bygedra het tot ons gemeente se groei. Tog is dit is nie net die voorgangers wat bydra tot die sukses van ŉ gemeente nie, maar **elke gelowige** wat met vaste voorneme van hart aan die Here getrou bly. Sodoende is daar ŉ aansienlike skare vir die Here bygevoeg.

Dit bring ons by die derde stadium. Van saad na saailing tot ŉ *sterk struik wat blom en vrugte dra*.

**2.3. Die struik wat blom en vrugte dra:**

Die Here Jesus vertel vir ons in die gelykenis van die saaier, dat die saad wat op vrugbare grond val, noodwendig sal groei en baie vrugte lewer (Mat. 13:8, 23). Dieselfde is waar vir ŉ gemeente. In Handelinge 11 lees ons van die gemeente se vrugte:

i. Die Gees van God het die gelowiges gedring om vrymoedig en ywerig die evangelie met ander te deel. Die gemeente het nie gegroei omdat die gelowiges ŉ *gemaklike* en *lekker* atmosfeer geskep het nie. Dit het gegroei omdat hulle die evangelie verkondig het! Die kruis, dood en opstanding van Christus kon hulle nie vir hulself gehou nie. Uit dankbaarheid moes hulle dit met ander deel!

ii. Antiogië was vrot van die afgodsdiens. Rondom die stad was daar baie en belangrike aanbiddingsplekke en tempels vir die afgode. Met die uitsondering van sekere groepe, was die Hellenistiese lewenswyse vol slegte sedes en immoraliteit. Maar die gelowiges in die stad het die vrugte van die Heilige Gees getoon. Die gelowiges se getuienis dat Jesus Christus die Here is, tesame met hulle deugsame lewens, was vir die mense in Antiogië baie vreemd. Gevolglik het die gelowiges ŉ spotnaam gekry, vers 26 sê: "*In Antiogië is die dissipels vir die eerste keer Christene genoem.*"

iii. Die Here stuur profete vanuit die gemeente in Jerusalem. Een van hulle, met die naam Agabus, het deur die Heilige Gees voorspel dat ŉ swaar hongersnood sou kom. Hierdie hongersnood het die mense in Judea swaar getref, gevolglik ook die gemeentes in die omgewing. Maar die gemeente in Antiogië het ook die vrug van liefde

en vrygewigheid getoon. Daarom het gelowiges, elkeen volgens hulle vermoë, ’n bydrae gestuur as ondersteuning.

Die gemeente in Antiogië lewer dus pragtige vrugte vanuit hulle geloof. Dit was ’n gemeente wat aan die Here getrou gebly het en die evangelie verkondig het. Dit was ’n heilige gemeente wat ’n sigbare getuienis van God se werking in hulle lewe laat skyn het. Dit was ook ’n Christelike gemeente wat ander gemeentes bygestaan het en gehelp het in tye van nood.

Geliefdes, só behoort dit ook by ons gemeente te wees.

Maar in nederigheid kan ons ook getuig van ons kerk se vrugte. Vanuit ons gemeente het die evangelie van Christus baie mense bereik. Ons het ’n impak op die gemeenskap en lewer gereeld ’n bydrae waar nodig...

Tog is ons gemeente tot soveel meer in staat. Broers en susters, die herdenking van ons vyftigste bestaansjaar behoort ons nie hoogmoedig of lui te maak nie. Ons moet nie net vaskyk in alles wat ons in die gemeente al bereik het nie, maar juis ook streef na meer!

- Laat ons as gemeente meer verkondig, meer te getuig, meer ons lig te laat skyn in ’n donker wêreld wat die hoop van die evangelie van Jesus Christus nodig het.
- Laat ons gemeente met ywerige harte meer vrugte van die Gees vertoon.
- Laat ons elkeen bydra tot mekaar se groei, versorging en versterking.
- Laat ons mekaar bemoedig om aan die Here getrou te bly en Hom te dien en eer met ons hele lewe.

Dit bring ons by ’n heel laaste gedagte uit.

**2.4. ’n Plaaslike gemeente onder die hand en deur die genade van die Here:**
Geliefdes, in die begin het ons gevra: ‘Hoe gebeur dit dat *enige* gemeente ontstaan en groei?’

Soos ons gesien het, volg die ontstaan en groei van ’n gemeente dikwels ’n standaard patroon. Van saad tot saailing en uiteindelik tot ’n volgroeide struik wat saad en vrugte lewer.

Maar ons moet ook besef dat die antwoord baie meer ingewikkeld is. Wanneer ’n mens terugkyk oor die gebeure in Antiogië, en soortgelyk na die gebeure in die Weskus met die stigting van ons gemeente, dan is daar ontelbare faktore wat bydra tot ’n gemeente se ontstaan. In hierdie opsig kan ons dit vergelyk met ’n tou. Van ver af lyk dit soos een koord, maar om hierdie tou te maak het Iemand elkeen van die klein draadjies bymekaargebring en op die regte manier gevleg.

Dink weer aan die gemeente in Antiogië. Wat het alles bygedra tot die ontstaan van die gemeente?

- Die uitstorting van die Heilige Gees in Jerusalem op Pinksterdag. Die ywerige verkondiging van die apostels onder die mense in Judea (Hand. 2-6). Stefanus se vervolging (Hand. 7, Hand. 8:1-4 en 11:19). Naamlose, maar getroue gelowiges wat in Antiogië gevestig het en die evangelie van Jesus Christus aan die Helleniste bedien het (11:20). Barnabas se Griekse afkoms en Geesgedrewe bemoediging. Paulus se bekering en bekwame bediening (Hand. 9:1-30). Die lys hou aan.

Geliefdes, elkeen van hierdie gebeure en mense het ’n belangrike bydrae gelewer. Maar agter al hierdie mense en dade is die **hand en genade van die Here** (11:21 en 23). Hierdie is die grootste rede vir enige gemeente se ontstaan en groei.

Sonder die Here, sou daar geen gemeente in Antiogië gewees het nie en ook geen gemeente in die Weskus nie.

Wanneer ons na die geskiedenis gaan kyk. Wanneer ons deur al die skryfstukke, boeke en kerkraadsnotules sou gaan, kan ons 'n lang lys van name en besluite maak van wat alles en almal bygedra het tot ons gemeente se ontstaan. Daar was oor die jare baie mense wat gesaai het, geplant het, natgemaak het en die plantjie versorg het. Maar bo alles is dit die hand en genade van die Here.

"*Dit is God wat laat groei het! Daarom is nóg hy wat plant, nóg hy wat natgooi iets, maar slegs God wat laat groei*" (1 Kor. 3:6-7).

Die ontstaan en voortbestaan van ons gemeente is nie te danke aan menslike migrasie of werksgeleenthede nie. Dit is te danke aan God Almagtig. "*Deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons.*" Sonder die magtige en liefdevolle hand van die Here wat elke draadjie bymekaargebring het, sonder die genade van Christus en die liefde van God sou hier geen gemeente gewees het nie.

## 3. <u>Slot</u>

Geliefde broer en suster,

Mag ons vandag terugkyk na die verlede en met vreugde en dankbaarheid herdenk wat die Here gedoen het.

Mag ons ook weet dat al die eer Hom toekom. Dit is Hy wat gelowiges gestuur het om die saad hier te kom saai. Dit is Hy wat elke lidmaat, diaken, ouderling en predikant gestuur het om die gemeente te versorg. Dit is die Here se hand en genade alleen wat ons maak wie en wat ons is.

Daarom is ons oë op Hom gerig, vir nou en vir die toekoms. Laat ons daarom ook met ywer en opgewondenheid vorentoe kyk en met 'n vaste voorneme van hart aan die Here getrou bly.

“*Aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk. Aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid!*” (Ef. 3:20-21)

# Amen